FRIEDRICH SCHEFFLER

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Friedrich Carl Scheffler**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Friedrich Carl, * Rosenberg, Oos-Pruise, Duitsland 1.3.1874, † Mosselbaai 9.12.1966, s.v. Carl Scheffler en Charlotte (Scheffler), x Kaapstad 29.9.1906, Lydia Charlotte STACKLIES, * Königsberg, Duitsland 27.3.1878, † 22.10.1937, d.v. Johann Stacklies en Anna Matsholat.

Friedrich het reeds as kind besluit om 'n sendeling te word. Omdat die sendelinge handewerk moes kon doen, leer hy die kuiper- en skrynwerkersberoep. Nadat hy sy opleiding voltooi het, berei hy homself voor vir opname in die Sendinginstituut. Sy opleiding as sendeling was so deeglik dat hy tot op 'n hoë ouderdom sy Bybel in Grieks of Hebreeus gelees het. In 1902 word Friedrich na Mashonaland (Zimbabwe) gestuur om saam met Wedepohl by Gutu te werk. Sy eerste taak was om in die skool te onderrig en hy leer gou die Swart taal aan. Saam met Wedepohl, Klonus en Schwellnus bou Friedrich 'n nuwe kerk by Gutu. Herhaalde aanvalle van swartwaterkoors en malaria noodsaak hom om na 'n gesonder gebied te verhuis en in 1906 word hy na Adamshoop verplaas waar hy sy gesondheid weer herwin het. In 1906 word hy as opvolger van Kikillus na Herbertsdale verplaas. Sy verloofde, wat hy nog nooit vantevore gesien het nie, het intussen in Kaapstad arriveer en hulle is op 29 September 1906 getroud. Briewe wat Friedrich en sy verloofde aan mekaar geskryf het, is in 1972 in boekvorm uitgegee onder die titel: *Liewe Lydia, Liewe Fritz.*

Van 1912 tot 1914 was Friedrich werksaam op Riversdal as assistent vir Grosskopf en in 1914 word hy na Anhalt-Schmidt by Haarlem in die Langkloof verplaas. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog word 'n interneringsbevel op hom gedien, maar op pad na die interneringskamp word hy in kennis gestel dat die bevel opgehef is. Die spanningsvolle tyd veroorsaak dat sy vrou ernstig siek word en dit het moontlik bygedra tot die Parkinsonsiekte wat sy opgedoen het en waaraan sy drie-en-twintig jaar gely het. In 1920 word Friedrich na Mosselbaai verplaas waar hy sy eintlike lewenstaak verrig het. Buitestasies is gestig, kerke en skole is gebou — meestal deur homself. Na sy aftrede in 1947 is onder sy leiding 'n groot skool op Buisplaas opgerig, 'n skool en onderwyserswoning in Ruiterbos en 'n onderwyserswoning in Kraaldoorns. In 1948 het hy weer sy ou sendingstasie Gutu besoek en by sy terugkeer in 'n nie amptelike hoedanigheid met sendingwerk voortgegaan. Vir Friedrich was die skool 'n integrale deel van sendingwerk en orals waar hy gewerk het, het hy besondere aandag aan die oprigting van skole en die opleiding van onderwysers gegee. Die laerskool op Mosselbaai is na hom vernoem. Hy was 'n besondere harde en presiese werker wat geen kompromisse geduld het nie.